# *Die verskeidenheid in spiritualiteit: 'n Transdissiplinêre benadering*

NGTT DEEL 55, NO 1, 2014

**Loubser, Gys M**
Universiteit Stellenbosch

## ABSTRACT

The purpose of this article is to reflect on individual worship practices and offer a description of spirituality, and the varieties in spirituality, by drawing on the insights of neuroscientists and neurotheologians. The varieties in spirituality are described transversally according to the Neethling Brain Instrument (NBI). The article concludes by offering a description of the different aspects of spirituality accentuated by individuals and links this description to the discussions about church structure and unity in Reformed churches in South Africa.

## 1. INLEIDING

In ’n onlangse uitgawe van *Kerkbode* bespreek Nelus Niemandt die dalende lidmaatgetalle van die gereformeerde kerke in Suid Afrika en Duitsland. Hy sluit aan by Henning Wrogemann van Duitsland wanneer hy verduidelik dat die kern van die kerk nie gaan oor lidmaatgetalle nie. Hy skryf:

> Die hartklop van die kerk is om mense te help om deel te neem aan die verheerliking van God … Die kern van die saak gaan oor lidmate se innerlike lewe. Daarom is aanbidding die hartklop van die kerk se lewe. (Niemandt 2013:9)

Na aanleiding van Niemandt se stelling word gevra: Wat behels die verheerliking van God – m.a.w. wat behels aanbidding? Dit is my veronderstelling dat die woord *aanbidding* verwys na die praktyke en rituele van gelowiges in hul daaglikse lewens. Die doel van hierdie artikel is om lig op spiritualiteit[1](die praktyke en rituele van gelowiges) en kerkstrukture te werp deur spiritualiteit te beskryf aan die hand van die Neethling Brein Instrument. In die ontwikkeling van hierdie beskrywing maak ek van komplekse interdissiplinêre fasilitering[2] gebruik om in gesprek met die neurowetenskappe te tree.

Die artikel word in drie bedrywe aangebied. In die eerste bedryf fokus ek op die kennis en interpretasies van neurowetenskaplikes rakende spiritualiteit en

1 Dit is baie belangrik om te verduidelik wat met die woord *spiritualiteit* bedoel word. Sandra M. Schneiders verduidelik dat spiritualiteit, as ’n akademiese dissipline, onderskei word van teologie en godsdienswetenskap (Schneiders 2005:15). In hierdie dissipline word spiritualiteit as ’n eksistensiële fenomeen bestudeer. In sy boek *Spirituality: Forms, Foundations, Methods* stel Kees Waaijman (2002:535-62) voor dat die akademiese bestudering van spiritualiteit van fenomenologiese en dialektiese metodologie gebruik maak. Spiritualiteit, as akademiese dissipline, is refleksie op menslike praxis (Waaijman 2002:563). Alhoewel hierdie ’n belangrike gesprek is, is dit nie my bedoeling om hier aan die gesprek deel te neem nie. Wanneer ek die woord *spiritualiteit* gebruik verwys ek na die verhouding van ’n individu tot die transendente. Na aanleiding van die doel van die artikel onderskei ek nie tussen spiritualiteit en *religieuse ervaring* nie. In ’n komplekse interdissiplinêre beskrywing van spiritualiteit is so ’n onderskeid van sekondêre belang en val dit buite die bestek van hierdie artikel.

2 Hierdie artikel is die derde in ’n reeks artikels wat handel oor Wentzel van Huyssteen se epistemologie en teologie, asook Paul Cilliers se insig en betoog rondom die verstaan van komplekse sisteme. Komplekse interdissiplinêre fasilitering (Kif) is ’n benadering tot inter- en transdissiplinêre navorsing wat in ’n postfunderende epistemologie gewortel is. Epistemologies word daar gewaak teen reduksionisme, asook relativisme. Daarom word daar na die verskeidenheid *in* spiritualiteit en nie na verskillende *spiritualiteite* verwys nie.

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

godsdiens in gesprek met Andrew Newberg. Die tweede bedryf tree in gesprek met Kobus Neethling en sy insig vanuit neurosielkunde. In die derde bedryf word die verskeidenheid in spiritualiteit aan die hand van Neethling se brein-instrument aangebied. Ek sluit af deur die implikasies van hierdie verskeidenheid vir kerkstruktuur te bespreek.

## 2. SPIRITUALITEIT

In ’n reeks artikels rakende spiritualiteit verduidelik Dirkie Smit (1989:85) dat, hoewel die woord *spiritualiteit* op baie maniere gebruik word, die nuwe belangstelling in spiritualiteit gefokus is op individuele ervaring en die wyse waarop hierdie spiritualiteit uitdrukking vind in die lewe van die individu. Ter verkenning van hierdie landskap met die doel om toepaslik daarmee om te gaan bespreek Smit ses verskillende tiperings van spiritualiteit. Hy bespreek praktyke soos meditasie en kerkgang; siklusse en seisoene in spiritualiteitsbeoefening; die tipe simbole wat gebruik word in spiritualiteitsbeoefening; die motiewe wat as dryfvere of doelwitte funksioneer vir spiritualiteit; die verskillende verhoudings tot die kultuur waarin spiritualiteit uitdrukking vind; en, die veronderstelde lewens- en wêreldbeskouing van spirituele uitdrukking (Smit 1989:88-92). Spiritualiteit kan op baie maniere beskryf word en nie een van hierdie beskrywings is voldoende alleenlik nie.

> “Uit die aard van die saak bied nie een van hierdie (of ander) benaderings alleen ’n afdoende tipering van spiritualiteit nie, maar indien ’n mens almal tegelyk in die oog probeer hou en soek na die onderliggende verbande en verskille, kan dit help om ’n perspektief te kry op sowel die eiendomlike sterk punte as die eensydighede en tekortkominge van ’n bepaalde gestalte van Christelike spiritualiteit.” (Smit 1989:92)

In die tweede artikel van hierdie reeks, bespreek Smit *gereformeerde spiritualiteit* aan die hand van die ses tiperings hierbo genoem. Hy is van mening, soos in die eerste artikel, dat dit nie moontlik is om ’n tydlose beskrywing van gereformeerde spiritualiteit te bied nie, omdat so baie van die beskrywing deur interpretasie en keuse beïnvloed word (Smit 1988:183). Smit maak dit ook duidelik dat so ’n beskrywing die sosio-historiese konteks van spiritualiteit in ag moet neem.

In sy boek *Varieties of religion today* (2002) reflekteer Charles Taylor oor die veranderende landskap van godsdienste in die Westerse kultuur. Hy bespreek die ontwikkeling van ons kulturele psige en verduidelik dat die huidige kulturele uitgangspunt klem lê op die uitdrukking van individualiteit. Hierdie klem vind sy oorsprong in die Romantiese beweging van die 18de eeu. Die etos van hierdie beweging word saamgevat in die idee dat elkeen van ons ons menslikheid mag

uitleef op verskillende maniere en dat dit belangrik is om getrou te bly aan jouself (Taylor 2002:83).[3] Die klem het geskuif van die groep na die individu en dit is die verantwoordelikheid van die individu om uitdrukking te gee aan sy/haar menslikheid. Ons klere, motors, musiek, politiek en geloofspraktyke is uitdrukkings van ons individuele menslikheid en ons spiritualiteit is nie vrygespreek van hierdie lewensuitkyk nie. Die lewenspad en psige van die individu is nou die fokus van spiritualiteit en hierdie spiritualiteit mag uitdrukking vind buite die grense van kerke, godsdienstradisies, kulture en politieke sisteme, net soos ons uitdrukking kan gee aan ons burgerskap deur ’n wêreldreisiger te wees (Taylor 2002:94). Spirituele uitdrukking word nou bedryf met een beginsel: die individuele uitdrukking van een mag nie ’n ander individu benadeel nie (Taylor 2002:101). Dit beteken dat daar ’n baie wye spektrum van moontlikhede vir spirituele uitdrukking is. Individue kan dus aan hul spiritualiteit uitdrukking gee binne gemeenskappe soos kerke of beweeg tussen gemeenskappe en tradisies (Taylor 2002:102). Daar is individue wat hulself as ateïsties of agnosties beskryf, asook diegene wat behoort aan ’n geloofsgemeenskap, maar nie meer aktief deelneem aan die gemeenskap se praktyke nie (Taylor 2002:106). Daar is diegene wat nie glo aan ’n persoonlike god nie, maar verkies om die transendente te beskryf as ’n krag of energie. Daar is dié wat Oosterse praktyke verbind met terapie, asook die wat hulself as godsdienstig beskryf, maar nie al die dogmas van die godsdiens aanvaar nie. Daar is selfs die wat Christenskap

3 Taylor (2002:100) wys daarop dat Friedrich Schleiermacher die punt gemaak het dat elkeen hul eie spirituele weë mag ontwikkel al val dit buite tradisionele strukture. Cristián Parker (2006:74) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat mense hulself beskryf as *gelowig op my eie manier* of *’n reisende gelowige*. Om ’n relevante verstaan en beskrywing van godsdiens en spiritualiteit te bied, kan die navorser nie meer fokus op kerkstrukture en dogma alleenlik nie. Navorsers moet eerder reflekteer oor die manier waarop mense hul spiritualiteit of godsdienste ontwikkel en spesifiek fokus op praktyke wat buite die kerkstrukture beoefen word (Parker 2006:68). Parker maak dit ook duidelik dat individue nie lukraak kies en keur tussen spirituele en godsdienstige praktyke wat pas by hul persoonlikheid nie. Mense is ernstig daaroor, maar is wel besig om hul eie *godsdienste* te ontwikkel (Parker 2006:69). Hierdie *godsdiens* kan beskryf word as ’n netwerk van oortuigings, simbole, rituele en praktyke wat nie noodwendig sistematies uiteengesit is nie en wegbreek van tradisionele uitdrukkings van geloof (Parker 2006:71). Robert Campbell (2006:101) argumenteer ook dat daar opnuut gedink moet word oor hoe godsdiens en spiritualiteit beskryf behoort te word. Mense beweeg weg van tradisionele godsdiensstrukture na alternatiewe uitdrukkings van spiritualiteit en godsdiens. Daar word meer klem geplaas op spiritualiteit as op godsdiens en die rede hiervoor is waarskynlik ’n soeke na ’n geloofsgemeenskap met ’n meer buigbare struktuur wat verskeidenheid kan akkommodeer (Drune 2006:131).

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

en Boeddhisme vervleg (Taylor 2002:107). Dit gesê is daar ook diegene wat hul spirituele weë vind in gevestigde geloofsgemeenskappe (Taylor 2002:112).

In sy boek *Network of the human soul* (2012) verduidelik Daniël Louw dat spiritualiteit verstaan moet word as 'n proses van integrasie wat geloof met lewe verbind; toewyding met verhoudings; godsdiens met sosiale uitreik; en kerk met gemeenskap (Louw 2012:181). Spiritualiteit is 'n beliggaming van idees en norme binne die eksistensiële realiteite van die lewe (Louw 2012:194).[4] Met ander woorde, spiritualiteit het te make met die doen en leef van geloof en "kom konkreet tot uitdrukking in bepaalde godsdienstige gebruike, tradisies en rituele" (Louw 2005:141).[5]

'n Nuwe navorsingsgebied, genaamd *Neuroteologie,* het ontstaan met die doel om die verband tussen ons beliggaamdheid en godsdiens te verstaan. In sy boek *Principles of neurotheology* (2010) bespreek Andrew Newberg die nuanses van hierdie navorsingsgebied en verduidelik dat neuroteoloë reflekteer oor die belangrike verhouding tussen die brein en teologie (Newberg 2010:1).[6] Hierby word ingesluit die verhouding tussen ons brein en ons denke; en die verhouding tussen ons denke en ons godsdiens (Newberg 2010:2). Denkers soos Thomas Aquinas, Martin Luther, Desiderius Erasmus, René Descartes, Immanuel Kant, Friedrich Schleiermacher en William James het almal tot 'n seker mate besin oor hierdie verhoudings (Newberg 2010:7-11). Daar word wel doelbewus daarteen gewaak dat godsdiens tot 'n empiriese wetenskap gereduseer word (Newberg 2010:19). Die idee is dat godsdiensrituele komplekse praktyke is wat die brein op vele sensoriese, kognitiewe en emotiewe vlakke beïnvloed. Neuroteoloë wil dié interaksie verstaan (Newberg 2010:19). Hierdie verstaan word moontlik gemaak deur die universele funksie van die mens se brein, daarom is dit moontlik om godsdienstige oortuigings en sisteme

4 Claire Wolfteich (2003:828-830) wys daarop dat spiritualiteit te make het met 'n outentieke lewe en dat dit so gebruik word in Christenskap, Judaïsme, Boeddhisme, Islam, Hindoeïsme, Taoïsme, Konfusianisme en die sekulêre wêreld.

5 In *Pastoraat as vertolking en ontmoeting* (1997) bespreek Louw die moontlikhede wat die neurowetenskappe vir die pastoraat kan bied. Hy stel voor dat geloofsvolwassenheid bevorder word deur te fokus op die regterbrein denkprosesse (Louw 1997:244). Neethling stel ook voor dat dit regterbrein denkprosesse is wat met godsdiens te doen het (Neethling 1992:45). Ek verskil van beide Louw en Neethling, maar sluit aan by hulle verbinding van pastoraat, godsdiens en die neurowetenskappe. Spirituelevolwassenheid word bevorder deur *heelbrein* spiritualiteit. Hiermee word bedoel dat 'n individu spirituele groei bevorder, deur erkenning te gee aan die beklemtonings van al vier kwadrante. Dié beklemtonings word hieronder beskryf.

6 In *The mystical mind: probing the biology of religious experience* beskryf d'Aquili en Newberg neuroteologie as: die studie van teologie vanuit 'n neurosielkundige perspektief (d'Aquili & Newberg 1999:15)

in verskillende kulture vanuit 'n neuroteologiese hermeneutiek te beskryf (Newberg 2010:64).

Newberg (2010:48) maak 'n baie belangrike onderskeid tussen godsdiens en spiritualiteit. *Godsdiens* verwys na formele en gestruktureerde praktyke en oortuigings wat met 'n spesifieke geloofsgemeenskap geassosieer word. *Spiritualiteit* verwys na die gevoelens, gedagtes, praktyke en ervarings wat met die *heilige* geassosieer word, wat die *heilige* ook al mag behels.[7] In ooreenstemming met Smit en Taylor koppel Newberg ook spiritualiteit aan die individu, maar Newberg benader godsdiens en spiritualiteit vanuit 'n neurologiese perspektief. Hy verduidelik dat breinfunksie en denkprosesse ons alledaagse praktyke beïnvloed, asook ons ervaring van godsdiens, spiritualiteit en teologie (Newberg 2010:84). Ons brein vorm en skaaf die maniere waarop ons aan en oor God dink (Newberg 2010:85). Met behulp van nuwe tegnologie soos fMRI, CAT en PET skandering en EEG kan neurowetenskaplikes verbande trek tussen sekere denkprosesse en breinareas (Newberg 2010:73). Die regter breinhemisfeer word byvoorbeeld gebruik in abstrakte en holistiese denkprosesse en speel 'n belangrike rol in die integrasie van persepsies, idees en geheue via die hippokampus (Newberg 2010:77). Die linker breinhemisfeer word op sy beurt weer gebruik in analitiese en reduksionistiese denkprosesse (Newberg 2010:77), maar oor die algemeen werk hierdie twee breinhemisfere saam. Newberg bied 'n voorbeeld en verduidelik dat die linker pariëtale lob fokus op *wat* gesê word in gesprek, waar die regter pariëtale lob fokus op *hoe* nie-verbale (stemtoon en lyftaal) aspekte die betekenis beïnvloed (d'Aquili en Newberg 1999:28). Neuroloë kan nou argumenteer dat Herakleitos se standpunt dat *verandering* die essensie van die heelal vorm, breinareas benut wat verskil van die van Plato wat *konstantes* as belangrik geag het (Newberg 2010:109). Neuroteoloë kan reflekteer oor hoe verskillende breinareas en denkprosesse bydra tot sulke verskillende oortuigings (Newberg 2010:110). Verder, wys Newberg (2007:547) ook daarop dat neurowetenskaplikes vas kan stel dat die regter breinhemisfeer baie gebruik word in die aanvangsfases van meditasie. Brown (2006:242) wys wel daarop dat dit 'n epistemologiese fout sou wees om godsdiens of spiritualiteit eenvoudig tot breinfunksie te reduseer. Selfs al kon neurowetenskaplikes godsdiens of spiritualiteit ten volle verduidelik in terme

7 Kelley Mayo (2011:66) onderskei godsdiens van spiritualiteit deur te wys op die grense van die twee terme. Sy argumenteer dat dit makliker is om die grense van godsdiens vas te stel as wat dit is om die grense van spiritualiteit vas te stel. Godsdiens, aan die een kant, behels georganiseerde sosiale stigtings en oortuigings rakende die heilige of die goddelike. Spiritualiteit, aan die ander kant, sluit nie noodwendig godsdiens in nie en word gewoonlik geassosieer met 'n persoonlike soeke.

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

van biologiese prosesse, mag daar emergente[8] lae van organisering wees wat nie in terme van biologie beskryf kan word nie (Koenig e.a. 2001:274-275). Dit gesê is daar wel goeie bewyse dat spiritualiteit moontlik is deur middel van brein aktiwiteit (Koenig e.a. 2001:264).

Neuroteoloë kan dus wys dat godsdiens en spiritualiteit onlosmaaklik aan die menslike brein gekoppel is. Nog meer, neuroteoloë kan ’n verband tussen sekere denkprosesse en breinareas trek. Neuroteoloë kan lig werp op *hoe* ons liggaam, in dié geval ons brein, ons spiritualiteit fasiliteer, soos dit ook ons wetenskap, kuns en sport fasiliteer.

## 3. NEETLING BREIN INSTRUMENT

Die verband tussen breinfunksie en gedrag is nie ’n nuwe navorsingsgebied nie. Nog voor gesofistikeerde tegnologie het Hippokrates al gevind dat spraak hoofsaaklik ’n linkerbrein aktiwiteit is (Neethling en Rutherford 2005:67).[9] Intussen het ons kennis van die brein aansienlik gegroei. Kobus Neethling is ’n internasionaal gerekende spesialis op die gebied van kreatiwiteit en die nuanses tussen linker- en regterbrein denkprosesse. Neethling se navorsing spruit spesifiek voort uit die werk van Robert Sperry en Paul Torrance. Sperry se navorsing het gewys dat die linker- en regter hemisfere van die brein informasie verskillend verwerk (Botha en Neethling 1999:43-4). Die linkerbrein fasiliteer taal, spraak, analise en logiese denke, waar die regterbrein verbeelding, holistiese denke en ongestruktureerde take fasiliteer (Neethling en Rutherford 2005:67). Belangrik hier is dat elke persoon ’n spesifieke denkvoorkeur het wat hul gedrag, besluite en keuses beïnvloed (Neethling, Rutherford en Schoeman 2005:58). Neethling se navorsing is daarop gemik om te verstaan watter gedragspatrone geassosieer word met watter denkprosesse,[10] met die

8 Hierdie term verwys na die teorie dat meer gevorderde of komplekse sisteme gevorm word deur die samewerking van kontingente faktore. In Engels: emergent. Sommige navorsersgebruik die woord *ontluikend.*

9 Neethling (1984:23) wys daarop dat seuns oor die algemeen meer aktief is as dogters (wat regterbrein denkprosesse behels), maar dogters sal waarskynlik vroeër en meer akkuraat praat (wat linkerbrein denkprosesse behels). Verder verduidelik Neethling dat dit waarskynlik die ontwikkeling van taal is wat gelei het tot die dominansie van linkerbrein denkprosesse in kultuur. Die vroegste rotstekeninge waarvan ons bewus is, is geteken met die regterhand wat beheer word deur die linkerbrein (Neethling 1992:52). So ook is die vroegste wapens geskep vir die regterhand.

10 Albright (2007:540) wys daarop dat navorsing ’n korrelasie tussen sekere breinareas en denkprosesse toon.

doel om mense te begelei na wat hy noem *heel-breindenke.*[11] Om hierdie proses te fasiliteer het hy die Neethling Brein Iinstrument (NBI) ontwikkel wat die verhouding tussen breinfunksie en denkprosesse in vier areas en agt dimensies deel. 'n Persoon se denkprosesse kan gegroepeer word in vier areas van die brein en elkeen van hierdie areas word gekoppel aan spesifieke denkprosesse (Korf 2009:5). Die instrument kan dan aandui by watter denkprosesse 'n persoon se voorkeur lê, wat dit moontlik maak om af te lei watter gedragspatrone verwag kan word van daardie persoon (Neethling e.a. 2005:58). Met ander woorde, die NBI is 'n instrument wat lig werp op hoe mense inligting verwerk en kennis genereer na aanleiding van hul denkprosesse. Die NBI is oorspronklik ontwikkel met die oog daarop om studente te help om goeie leerpraktyke te ontwikkel, maar die gebruik van die NBI het oorgespoel in ander velde, onder meer besigheid, bemarking, kommunikasiebestuur en sport. Daar is gevind dat kulturele verskille nie 'n invloed het op die uitslae van die NBI nie (Korf 2009:22). Neethling (2000:6) bied die volgende sleutelwoorde wat die linker- en regterbrein kwadrante en denkprosesse beskryf:

| | |
|---|---|
| L1: (Wat?)<br>Gefokus, presies, akkuraat, klinies, feitelik, konkreet, logies, objektief, analities, realisties en krities. | R1: (Hoekom?)<br>Holisties, buigbaar, risiko, nuuskierig, alternatief, eksperimenteer, verbeelding, strategies, visualiseer, intuïsie, ongestruktureerd en verbind verskillende idees. |
| L2: (Hoe?)<br>Georganiseerd, tydbewus, beplanning, gestruktureerd, stap vir stap, lojaal, deeglik, detail, sekuriteit, tradisioneel en betroubaar. | R2: (Wie?)<br>Lyftaal, aanraking, samewerking, deelname, bewus van mense en hul gevoelens, empatie, ondersteunend, spelerig en sensitief vir die sosiale atmosfeer. |

Die NBI bied nie 'n beskrywing van mense se vermoëns nie, maar eerder 'n beskrywing van die manier waarop hulle verkies om inligting te verwerk en kennis te genereer. Mense is nie vasgevang in hul geliefde denkprosesse nie en kan inligting verwerk en kennis genereer deur gebruik te maak van denkprosesse waarin hulle 'n lae voorkeur toon. Wanneer mense buite hul voorkeur denkprosesse werk, is daar wel groter moontlikheid vir spanning. Die doel van hierdie instrument is om te identifiseer hoe mense verkies om inligting te verwerk en kennis te genereer. Dit is ook belangrik om aan ander denkprosesse aandag te gee, want daar is verskillende maniere waarop inligting verwerk en kennis gegenereer kan word. Neethling wil waardering en respek vir alle denkprosesse kweek en deelnemers begelei na 'n *heelbrein* benadering.

11 Barbara Clark (1983:27) verduidelik dat intelligensie bevorder word deur linker- en regterbrein denkprosesse te stimuleer. Dit is moontlik om die vermoë tot sekere denkprosesse te bevorder, maar intelligensie word die beste bevorder deur heelbreindenke.


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

Die Springbok-rugbyspan maak al ’n geruime tyd van hierdie model gebruik om spelers in gepaste posisies te plaas, asook om gepaste oefening en eetpraktyke te kweek. In *Creative rugby: don’t just sweat it, think it!* verduidelik Naas Botha en Neethling dat ’n heelagter gebruik moet maak van R1 en R2 denkprosesse, waar ’n stut weer gebruik moet maak van L1 en L2 denkprosesse (Botha en Neethling 1999:54). Die heelagter het nodig om die spel en veld in geheel te sien, om met intuïsie keuses te maak en om deur middel van kommunikasie in samewerking met ander spelers ’n aanval te loods. Die heelagter moet gemaklik wees in riskante situasies en graag ’n ondersteunende rol vervul (Botha en Neethling 1999:59). Die stut moet weer baie presies en betroubaar wees in die skrum. Daar is sekere spelpatrone wat stap vir stap ingeoefen is om balbesit te bekom of te behou en die stut moet hierdie stappe deeglik en aggressief kan uitvoer (Botha en Neethling 1999:66). Net soos hierdie instrument toegepas word op rugby en sport, word dit ook toegepas op leierskap, onderwys, verhoudings (romanties en familieel) en leefstyl. Die NBI kan daarom dan ook gebruik word om insig te kry in hoe mense hul wêreldbeelde ontwikkel, aanvul en uitleef.[12]

## 4. DIE VERSKEIDENHEID IN SPIRITUALITEIT

Die insig wat bekom is rakende spiritualiteit moet nou geïnkorporeer word in teologiese refleksie. Watter kennis is ter sprake en hoe word dit geïnkorporeer? In gesprek met Andrew Newberg het dit duidelik geword dat ons spiritualiteit gepaard gaan met breinfunksie. Verder, het dit ook duidelik geword dat daar ’n korrelasie tussen spesifieke breinfunksies en spiritualiteit is. Nog meer, het ons gesien in die voorbeeld van Herakleitos en Plato, dat neuroteoloë ’n verband kan trek tussen sekere wêreldbeelde en breinareas, veral tussen linker- en regterbrein denkprosesse.

In gesprek met Kobus Neethling het ons gesien dat daar instrumente is wat breinareas en denkprosesse verbind. Hierdie instrument kan na aanleiding van die

12 Mikael Stenmark (2003:929) verduidelik dat ’n wêreldbeeld ’n konstellasie van oortuiginge en waardes is wat mense (bewustelik of onbewustelik) in hul hantering van hulle eksistensiële vrae rig. Gordon Kaufman (1972:207-208) onderskei tussen drie aspekte van ’n wêreldbeeld, naamlik gevoelens, denke en aksies. Verder argumenteer Kaufman dat ’n oorbeklemtoning van hierdie aspekte onderskeidelik lei tot ’n sekulêre, godsdienstige en teïstiese wêreldbeeld (Kaufman 1972:210-223). Hierdie wêreldbeelde kom wel selde suiwer voor. Meeste mense leef met ’n mengsel van hierdie wêreldbeelde (Kaufman 1972:224). Die punt wat Kaufman wil maak is dat filosofie, godsdiens en teologie tot uitdrukking kom binne ’n spesifieke wêreldbeeld wat ’n invloed het op ons hele bestaan. Ons kan daarom nie ten volle sin maak van ons bestaan sonder om die belangrikheid van ons wêreldbeeld te verreken nie.

denkprosesse van die individu ’n raamwerk bied waardeur ’n persoon verkies om inligting te verwerk en kennis te genereer. Dit is dan moontlik om vas te stel watter waardes die individu verkies om te gebruik in die vorming van ’n wêreldbeeld. Dit is belangrik, want spiritualiteit word binne ’n spesifieke wêreldbeeld beoefen en hierdie wêreldbeeld vorm, bewustelik of onbewustelik, deel van elke individu se die betekenisvormingsproses.

Die Neethling Brein Instrument bied insig rakende die sleutelwaardes wat voorkeur geniet in die vorming van ’n wêreldbeeld. Dit is binne hierdie wêreldbeeld dat ’n individu se spiritualiteit tot uitdrukking kom. Dit is dus baie belangrik om in gedagte te hou dat die NBI die sleutel waardes uitlig waarmee individue verkies om hul wêreldbeeld te ontwikkel en te onderhou. Nog meer, dit is nodig om te verstaan dat die NBI juis daarop gemik is om heelbrein denkprosesse te bevorder en dat meeste mense dus oor die vermoë beskik om gebruik te maak van die denkprosesse in al vier kwadrante. Hulle verkies wel een of twee van die kwadrante. Dit beteken dat die individu verkies om op sekere sleutelwaardes te steun en te fokus. Dit is dan belangrik om te verstaan dat daar nie ’n verskeidenheid van wêreldbeelde is nie, maar eerder dat verskillende individue klem lê op verskillende aspekte en lae van die wêreld. Eweneens sal verskillende individue verskillende aspekte en lae van spiritualiteit beklemtoon. Dit is daarom meer gepas om te praat van die verskeidenheid *in* spiritualiteit, eerder as die verskeidenheid *van* spiritualiteit. Verskillende uitdrukkings van spiritualiteit word dus eerder verstaan as verskillende beklemtonings in spiritualiteit.[13] Met behulp van die NBI is dit moontlik om die beklemtonings in spiritualiteit soos volg te groepeer.[14]

13 In sy boek *Types of Christian theology* (1992) bied Hans W. Frei ’n beskrywing van die verhouding tussen gerekende teoloë soos, Schleiermacher, Tillich, Barth en Pannenberg en hul onderskeie verhoudings tot filosofie en die sosiale wetenskappe. Frei (1992:2-5) plaas hierdie teoloë op ’n tiperende spektrum met die doel om Christelike teologie te kan vergelyk met ander teologiese refleksies. Die verskil tussen Frei se tipering en die instrument wat in hierdie artikel voorgestel word, is dat Frei teoloë op ’n spektrum plaas met twee uiterste pole. Die instrument wat hier voorgestel word belig die aspekte waarop teoloë klem lê. Die veronderstelling van die instrument is dat al vier die kwadrante met hul onderskeie denkprosesse en veronderstelde spiritualiteit waardevol is. Alhoewel daar teenoorgestelde beklemtonings is, is dit beklemtonings van een onderwerp.

14 In sy boek *Hellfire and lighting rods: liberating science, techology, and religion* stel Frederick Ferré voor dat daar moontlik ’n verband is tussen ons linker- en regterbrein denkprosesse, ons wêreldbeeld en ons beskrywing van ons spiritualiteit of godsdiens (Ferré 1993:77). Dit is dan so ’n beskrywing wat in hierdie artikel gebied word.


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

## 4.1 L1 (links bo)

In die ontwikkeling en instandhouding van ʼn wêreldbeeld beklemtoon die individue met ʼn voorkeur vir L1 denkprosesse duidelikheid, feitlikheid, logika en analise. Met L1 denkprosesse word die wêreld geanaliseer deur gebruik te maak van logika en word daar deeglik gesif deur die informasie en (wat beskou word as) feite. Hierdie proses produseer gewoonlik ʼn duidelike en realistiese wêreldbeeld. Individue wat hierdie denkprosesse verkies is daarom oortuig dat ʼn objektiewe etiese sisteem met duidelike en onbuigbare onderskeidings tussen reg en verkeerd onderhou kan word. So ʼn etiese sisteem is baie belangrik, want dit is nodig om die samelewing te beheer. Hierdie individue is daarom baie toegewyd aan hierdie sisteem, maar sou die feite verander, moet die sisteem daarmee saam verander.

Binne hierdie wêreldbeeld duld individue nie wollerige en ongedefinieerde beskrywings van die transendente nie. Hulle argumente vir die bestaan of nie-bestaan van die goddelike is gewortel in (wat beskou word as) feitelike kennis.[15] Verder verkies hulle om spesifieke instruksies vir daaglikse lewe te bekom en versamel hulle graag al die inligting aangaande spiritualiteit, want dit is noodsaaklik vir ʼn bekwame en gevorderde spiritualiteit. Hierdie individue waardeer ʼn mentor wat objektief en realisties is en verkies gefokusde gebed of meditasie sonder versteurings. Dit is van uiterse belang vir hierdie individue dat gedeelde oortuigings gegrond is in objektiewe feite en daarom is hulle baie krities oor sulke oortuigings. Individue met hierdie wêreldbeeld assosieer graag met ʼn gesiene gemeenskap wat gedeelde oortuigings of waardes deeglik navors. Hulle hou nie baie van metafore nie, maar as daar gebruik gemaak word van metafore moet dit duidelik wees. Hulle konseptualiseer die wêreld as ʼn rekenaar – wat jy insit is wat jy uitkry.

---

15 Keith Ward (2009:77) wys daarop dat Immanuel Kant hierdie aspek beklemtoon het. Kant het geargumenteer dat die idéé van God die ideaal van Rede is en dat ʼn rasionele persoon hierdie ideaal moet veronderstel. Dit is in hierdie lig wat Kant bewyse vir God ontwikkel (Ward 2009:79). In *The God delusion* (2006) bied Richard Dawkins (wat hy beskou as) feitelike bewyse rakende die bestaan van ʼn god en kom tot die logiese slotsom dat die God Hipotese nie ʼn goeie hipotese is nie (Dawkins, 2008:189). Dawkins (2008:254) verduidelik ook dat moraliteit gewortel is in biologie. Met ander woorde, hoewel moraliteit gekleur is deur die kultuur waarin dit tot uitdrukking kom, is daar ʼn universele etiese sisteem wat bestuur word deur natuurlike seleksie. In reaksie op die sielkundige voordele van geloof in God, antwoord Dawkins (2008:394) dat dit steeds nie as bewyse kan dien vir die waarheid van godsdienstige oortuigings of die bestaan van God nie.

### 4.2 L2 (links onder)

In die ontwikkeling en instandhouding van ’n wêreldbeeld beklemtoon individue met ’n voorkeur vir L2 denkprosesse dissipline, detail en struktuur. Hierdie individue kompartementaliseer die wêreld en verkies ’n etiese sisteem wat goed gestruktureerd (tog prakties) is en wat sekuriteit bied. Hulle beklemtoon stabiliteit en daarom is hulle oortuig dat ’n gemeenskap alleen volhoubaar kan wees as langdurende patrone en praktyke onderhou word. Hulle is baie geheg en lojaal teenoor hierdie gemeenskap. Verandering mag alleen plaasvind as dit noodsaaklik is en as daar deeglike en praktiese planne bestaan om die verandering te stuur.

In hierdie wêreldbeeld maak individue met ’n voorkeur vir L2 denkprosesse ’n baie duidelike onderskeid tussen die transendente en die immanente.[16] Hulle verkies sekuriteit en konseptualiseer die goddelike as magtig en betroubaar. Wanneer hulle argumenteer vir die bestaan of nie-bestaan van die goddelike sal dit gebaseer wees op die sekuriteit en stabiliteit wat so ’n verstaan ’n mens bied.[17] Dit is vir die rede dat hierdie individue die mees waarskynlike aanhangers van ’n lewe na die dood sal wees. Verder verkies hulle om uitdrukking te gee aan hul spiritualiteit op praktiese en langdurende maniere wat stabiliteit in hul lewens bied. Daarom waardeer hulle ’n georganiseerde en gedissiplineerde mentor. Hierdie individue waardeer ’n stap vir stap plan waarvolgens hul spiritualiteit kan ontwikkel en volg die plan baie gedissiplineerd. Hulle verkies om ’n gewoonte te maak van gebed of meditasie en waardeer leiding in gebed en meditasie. Hierdie individue sal daarom graag dagstukkies en leesroosters volg. Hulle verkies die stabiliteit van tradisie en die rus wat gevind word in rituele. Dit is daarom belangrik vir hierdie individue om deel te wees van ’n gedissiplineerde en lang bestaande gemeenskap. Gedeelde oortuigings is belangrik want dit verseker ordelike en betroubare gedrag binne die gemeenskap. Metafore is vir hulle bruikbaar as dit orde gee aan hulle lewens. Daarom verkies individue met ’n voorkeur vir hierdie denkprosesse metafore met ’n lang geskiedenis. Hulle verstaan die wêreld as ’n masjien – elke deel moet doen wat dit behoort te doen.

---

16 So ’n onderskeid kan gesien word in Karl Barth se dialektiese teologie waar Barth klem lê op die kontras tussen die Heilige God en die sondige mensdom (Hardy 2008:25). Verder argumenteer Barth dat die kerk teenoor die kultuur staan. (Kennedy 2010:102).

17 Sigmund Freud het hierdie aspek van spiritualiteit gekritiseer en geargumenteer dat mense in ’n persoonlike God glo omdat dit vir hulle sekuriteit bied (McGrath 2001:41). Freud was wel van mening dat die idee van God ’n valse sekuriteit bied.


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

### 4.3 R2 (regs onder)

In die ontwikkeling en instandhouding van ’n wêreldbeeld beklemtoon individue met ’n voorkeur vir R2 denkprosesse menseverhoudings, verdraagsaamheid en emosionele meelewing. Hierdie individue het ’n aanvoeling vir die atmosfeer en oorhoofse gemoed van mense en die wêreld. Hulle verkies dus ’n etiese sisteem wat mense nader aan mekaar bring en plek maak vir die verskille en emosies van mense. [18] Dit is belangrik, want om ’n gemeenskap te vorm moet mense interaksie hê met en omgee vir mekaar. Samewerking is noodsaaklik. Die gees en kommunikasie van die gemeenskap is belangrik, asook konsensus. Die individue is passievol toegewyd aan die gemeenskap. Verandering is nie ’n probleem nie, solank almal deel is van die onderhandelinge en daar aan almal gehoor gegee word.

In hierdie wêreldbeeld verkies individue ’n persoonlike en narratiewe beskrywing van die transendente wat verbind tot hul lewens. Hulle konseptualiseer die goddelike as vriendelik en geïnteresseerd in die lewens van mense.[19] God kan dan beskryf word as ’n Vriend wat omgee vir die welstand van ’n vriend. Hierdie individue se argumentasie vir die bestaan of nie-bestaan van die goddelike is baseer op persoonlike en emosionele ervarings. Hulle gee uitdrukking aan hul spiritualiteit deur ’n persoonlike besorgdheid vir die welstand van die wêreld en die mense daarin.[20] Rakende die daaglikse lewe, verkies individue met ’n voorkeur vir R2 denkprosesse praktyke wat emosionele welstand en groepsamewerking bied. Hulle waardeer ’n mentor wat ’n persoonlike band bou met mense. ’n Mentor wat goed luister en mense nader aan mekaar bring. Hierdie individue is baie entoesiasties oor persoonlike groei en verkies om uitdrukking daaraan te gee in groepsverband. Hulle wil graag bid of mediteer in ’n gemaklike en gelukkige atmosfeer. Die dryfkrag van hul spiritualiteit is ’n soeke na ’n goeie gemoedstoestand of tot ’n gepaste sienswyse.

18 H. Richard Niebuhr se beskrywing van etiek beklemtoon hierdie wêreldbeeld. Niebuhr verduidelik dat etiek nie gaan oor wat reg en wat verkeerd is nie. Vir Niebuhr is etiek ’n deurlopende poging om te verstaan hoe ons lewens ’n antwoord is op die handelinge en lewens van ander, met die oog daarop om verantwoordelik om te gaan met onsself en ander in die gemeenskap (Hauerwas 2008:198).

19 In sy latere werke argumenteer Jürgen Moltmann dat die trinitariese God in ’n wedersydse verhouding van liefde tot die wêreld staan. God beïnvloed die wêreld en die wêreld beïnvloed God (Bauckham 2008:154).

20 Hierdie kan gesien word in die werk van Dietrich Bonhoeffer en sy argument dat God geken word deur gemeenskap en menslike verhoudings (Floyd 2008:49). Kennedy (2010:95) wys ook daarop dat Bonhoeffer se vroeër teologie daarop gefokus is om die kerk as gemeenskap te beskryf.

Musiek en atmosfeer is baie belangrik en hulle waardeer informele en gemaklike rituele waar mense met mekaar kan praat en hul gevoelens verwoord.

Gemeenskap is baie belangrik omdat dit mense verbind en deel maak van ʼn familie. Konsensus is daarom belangrik want gedeelde oortuigings verseker dat mense mekaar verstaan en bevorder die ontwikkeling van egte bande tussen individue in die gemeenskap. Dit gesê moet elkeen kans kry om uitdrukking te gee aan hul ervarings en oortuigings, want die gemeenskap moet probeer om almal te akkommodeer. Hierdie individue luister graag na ander mense se ervarings, want hulle kan daaruit leer en verkies ʼn gemeenskap wat die wêreld dien. Metafore help om uitdrukking te gee aan persoonlike en emosionele ervarings en hierdie individue verkies daarom metafore wat visueel is en mense verbind. Hulle sien die wêreld as ʼn familie – mense wat vir mekaar omgee en mekaar ondersteun.

## 4.4 R1 (regs bo)

In die ontwikkeling en instandhouding van ʼn wêreldbeeld beklemtoon individue met ʼn voorkeur vir R1 denkprosesse holisme, sintese, verskeidenheid, intuïsie en konteks. Hulle kombineer verbeelding en intuïsie om ongewone verbindings te maak in die ontwikkeling van ʼn holistiese strategie vir die toekoms. Hierdie individue verkies daarom ʼn etiese sisteem wat die groter prentjie en konteks in ag neem. Dit is belangrik, want hulle neem risiko's en verken onbekende weë. Hulle het ook ʼn voorliefde vir avontuur, verskeidenheid en opwinding en waardeer kreatiwiteit, spontaniteit, verskeidenheid, individualiteit en buigsaamheid in die gemeenskap. Hierdie individue is gewoonlik voorstanders vir verandering, want hulle is oortuig dat sisteme moet aanpas as dit volhoubaar en relevant wil bly in die toekoms. Hulle is nie baie toegewyd aan een sisteem of gemeenskap nie, want hulle beweeg tussen sisteme en gemeenskappe en raak gou verveeld met net een sisteem of gemeenskap.

In hierdie wêreldbeeld gebruik individue graag metafore vir die transendente wat baie plek bied vir interpretasie.[21] Hulle soek holistiese konsepte wat alles saamvat

21 Hierdie beklemtoning kan gesien word in die werk van Paul Tillich. In sy werk het hy godsdiens binne ʼn kulturele konteks geplaas en is beskou as ʼn teoloog van kultuur, asook ʼn kerk teoloog (Taylor 1991:16). Hy het geargumenteer dat die menslike kondisie fundamentele vrae na vore bring wat op verskillende maniere in kultuur tot uitdrukking kom. Godsdiens bied dan ʼn antwoord op hierdie vrae d.m.v. godsdienstige simbole en terme (Kelsey 2008:64). Gordon Kaufman (1972:217-218) skryf dat denkers soos Tillich, Heidegger, Nietzsche en die Romantici gebruik maak van vae en onpresiese taal met oproerende betekenis. Hulle is ook geneig om minagting uit te spreek teenoor duidelike, presiese en logiese beskrywings. William James het ook sterk klem gelê op die kulturele konteks waarin godsdiens ontwikkel en beoefen word (Newberg 2010:11).


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

en saamsmelt.[22] Daar is geen noodsaak vir detail nie en paradokse word maklik hanteer. Hulle verkies ’n verskeidenheid van ongedefinieerde konsepte van die goddelike en mag daarna verwys as ’n energie of ’n fundamentele besorgdheid (“ultimate concern”). Hierdie individue sal ’n collage van verskillende tradisies aanbied as konseptualisering van die goddelike. Hulle argumente vir die bestaan of nie-bestaan van die goddelike sal gebaseer wees op die vermoë van die konsep om die geheel saam te bring. Rakende die daaglikse lewe, beklemtoon hulle die estetiese, asook opwinding, holisme en diversiteit in spiritualiteit. Hierdie individue waardeer ’n mentor met ’n oop kop. Persoonlike groei word benader op unieke, holistiese en onortodokse maniere, want hulle hou daarvan om verskillende benaderings saam te vleg.[23] Hulle verkies gebed of meditasie in ’n omgewing wat estetiese waarde het

---

Dit is waarom hy gebruik gemaak het van kennis uit verskillende dissiplines en waarom hy ook beskryf kan word as ’n denker wat klem gelê het op R1 denkprosesse. James het ook baie gemaak van emosie en beklemtonings wat geassosieer word met R2 denkprosesse, maar James het spesifiek geargumenteer oor die ervarings van die individu en nie soseer op die van ’n groep of gemeenskap nie. Die werk van Gordon Kaufman self beklemtoon ook R1 denkprosesse. Sy boek *God: the problem* (1972) belig hierdie klem. In hierdie boek bespreek Kaufman die konsep van *God* met die doel om ’n gepaste en relevante verstaan van die konsep te bekom. Hy is daarom besig om die konteks of die groter prentjie van denke oor God te beskryf. In hierdie boek is Kaufman besig om strategies om te gaan met die konsep van God. Kennedy (2010:211) wys daarop dat Kaufman sy verstaan van teologie in hierdie proses verwoord wanneer laasgenoemde verduidelik dat teologiese refleksie nie beperk is tot denke oor God nie, maar dat hierdie denke gepaard gaan met ’n volledige interpretasie van die mens en die wêreld. Anders gestel, teologie is ’n kreatiewe en verbeeldingryke formulering van idees oor God gewortel in ervaring van die mens en die wêreld (Kennedy 2010:211).

22 In sy teologiese refleksie argumenteer Wolfhart Pannenberg vir ’n outentieke en intellektueel aanvaarbare beskrywing van Christenskap (Schwöbel 2008:144). Hy ontwikkel hierdie beskrywing deur intradissiplinêre refleksie. Hy toets hierdie beskrywing teen ander wetenskappe in interdissiplinêre refleksie. Hy was dus besorg oor die toekomstige relevansie van Christenskap en het nie geskroom om gebruik te maak van kennis en inligting uit verskillende vakgebiede nie. Pannenberg wou Christenskap beskryf op ’n manier wat die verskillende aspekte van die konteks van Christene saamtrek.

23 Nietzsche se onortodokse filosofie en kritiek op godsdiens belig ’n voorkeur vir R1 denkprosesse. Hy benader en skryf sy filosofie op ’n totale onortodokse en poëtiese manier (Ward 2009:115). Hy argumenteer teen die bestaan van objektiewe rede en bespreek breedvoerig hoe om vry te wees van tradisie (Ward 2009:119). Nog meer is daar baie prominente paradokse in sy filosofie (Ward 2009:118). Nietzsche het duidelik sterk kritiek gelewer teen ’n L2, L1 en R2 beklemtoning van spiritualiteit. Sy sterk R1 beklemtoning en die filosofie en wêreldbeeld wat daaruit gevloei het, beteken wel

– onder ’n groot boom, op ’n berg, in ’n kamer met ’n positiewe energie of wat ryk is aan simboliek. Verder, verkies hulle esoteriese en ongewone rituele wat die konteks in ag neem en assosieer hulle met gemeenskappe met ’n goeie humorsin wat hulle genoeg vryheid bied om nuwe moontlikhede te ontdek en verskeie ervarings te beleef. Gedeelde oortuigings is nie noodsaaklik nie, want ’n gemeenskap het diversiteit nodig om volhoubaar en relevant te bly. Hulle weerstand teen definisie en detail maak dit in elk geval moeilik om oortuigings goed te verwoord.[24] Hierdie individue gebruik graag metafore en vind dit essensieel ten einde paradokse, sintese en die groot prentjie te verduidelik. Metafoor roep ’n collage van konsepte en interpretasies wat gevisualiseer kan word op. Hulle visualiseer die wêreld is ’n organisme – die geheel is meer as die som van die dele.[25]

## 5. SLOT

Die NBI bied ons ’n beskrywing van die maniere waarop mense verkies om uitdrukking te gee aan hul spiritualiteit. Aan die hand van die beskrywings hierbo, raak dit dan duidelik dat individue met ’n voorkeur vir L2 en R2 denkprosesse gemaklik uitdrukking kan gee aan hulle spiritualiteit in geloofsgemeenskappe soos die kerk.[26] Individue met ’n voorliefde vir L2 denkprosesse verkies die struktuur,

---

nie dat sy kritiek teen die ander aspekte van spiritualiteit ongeldig is nie. Sy kritiek is waardevol al het sy alternatiewe voorstel nie noodwendig pos gevat nie.

24 Hierdie klem kan gesien word in die werk van Don Cupitt. Cupitt beskryf homself as ’n post-dogmatiese gelowige, omdat die tradisionele verstaan van God nie meer gepas is vir die huidige konteks nie (Kennedy 2010:272). Cupitt argumenteer dat die tradisionele geloofs-sisteme nie meer gepas kan praat oor dit wat verstaan word onder die term *God* nie. Sy doel is om hierdie sisteme van vooraf te ontwikkel, met die doel om gepas te kan praat oor dit wat onder die term God verstand word (Kennedy 2010:275).

25 Hierdie klem kan gesien word in die werk van Hegel en Whitehead. Ward (2009:97) wys daarop dat Hegel en Whitehead die transendente beskryf het in inklusiewe metafore en die heelal gesien het as ’n organiese geheel wat deelneem aan kosmiese bewussyn wat besig is om te verander.

26 In *Religion for atheists: a non-believer’s guide to the uses of religion* bespreek Alain de Botton die wysheid in godsdiens as steeds belangrik is in ’n sekulêre wêreld. Een van die groot wyshede wat hy uitlig is die van *gemeenskap.* Hy verduidelik dat godsdienste begrip het vir die soeke na deel wees van ’n gemeenskap, maar dat dit moeilik is om deel te wees van ’n gemeenskap (De Botton 2012:63). Dit is vir die rede dat godsdienste moeite doen om sekere rituele en praktyke voor te lê aan hul volgelinge. Die ontwikkeling en volhoubaarheid van gemeenskap is belangrik en hier kan ons sien dat dit ook te make het met ’n groot gedeelte van spiritualiteit. Bergemann en vennote maak die punt dat spiritualiteit te make het met die idee dat die individu deel is van ’n groter geheel (Bergemann, Siegel, Eichenstein en Streit 2011:100). Godsdiens bou gemeenskappe

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

tradisie en rituele van die godsdiens, waar individue met ’n voorliefde vir R2 denkprosesse die samesyn van godsdiens verkies. Dit is selfs moontlik om te bepaal dat groot charismatiese kerke en saamtrekke dan baie klem lê op die R2 aspekte in spirituele uitdrukking, maar moraliteit beskryf volgens L2 denkprosesse.[27] Die meeste gemeentes en geloofsgemeenskappe sal wel aspekte van al vier kwadrante vertoon, maar daar sal ’n spesifieke klem op een of twee van die kwadrante val.

Individue met ’n L2 voorkeur sal uitdrukking aan hul spiritualiteit kan gee binne godsdiensstrukture. Hierdie strukture bied sekerheid en gee stap vir stap riglyne vir daaglikse uitdrukking van ’n soeke na God. Hulle sal gemaklik voel om hulself godsdienstig te noem. So ook sal individue met ’n R2 voorkeur gemaklik uitdrukking kan gee aan hul spiritualiteit binne godsdiensstrukture. Vir hulle is die strukture nie so belangrik nie, maar eerder die samesyn van gelowiges en die ontwikkeling van persoonlike bande wat hierdie strukture bied. Individue met ’n L1 voorkeur kan baie krities wees oor hoe daar uitdrukking gegee word aan spiritualiteit, en mag hul self buite godsdiensstrukture plaas. As hulle wel hulself binne die strukture plaas sal hulle waarskynlik nie baie simpatie toon met die onduidelike R1 en R2 beklemtonings van spiritualiteit nie. Individue met ’n R1 voorkeur sal maklik tussen verskillende gemeenskappe, godsdienste en filosofieë beweeg. Hulle wil nie vasgedruk voel nie en sal daarom waarskynlik hulself as spiritueel – maar nie godsdienstig – beskryf nie.

Hierdie groeperinge help ons ook om te besin oor kerkeenheid. Individue met ’n voorkeur vir L2 denkprosesse sal ongemaklik voel met die verandering in kerkstrukture. Hierdie ongemaklikheid word dan beheer deur ’n soeke na deeglike beplanning en administratiewe refleksie rondom kerkeenheid. Individue met ’n voorkeur vir R2 denkprosesse, aan die ander kant, gee nie om oor die strukturele verandering nie. Wat belangrik is vir hulle is dat almal in harmonie moet saamleef. Dit is nodig dat ons na mekaar se verhale luister en erkenning aan elkeen se menswees gee. Individue met ’n voorkeur vir R1 denkprosesse verkies diversiteit en kan op twee maniere besin oor kerkeenheid. Hulle kan argumenteer dat dit beter

---

deur rituele, maar die gevaar bestaan dat hierdie geloofsgemeenskap geïsoleer kan raak en hulself afsonder van ander groepe.

27 Die klem op R2 denkprosesse in spiritualiteit en die klem op L2 denkprosesse in moraliteit kan ook gesien word in die denke van Huldrych Zwingli. Alister McGrath (2001:42-43) wys daarop dat Zwingli sterk beïnvloed is deur die Switserse humanisme wat die Christelike geloof gesien het as ’n lewenswyse. Persoonlike, individuele hervorming van moraliteit was belangrik, maar dit was nie noodsaaklik vir dogmatiese hervorming nie. Die R2 klem op die persoonlike, asook die L2 klem op duidelike riglyne kan dan getrek word van Zwingli tot kontemporêre charismatiese geloofsgemeenskappe.

is om verskillende kerke te onderhou, want dit bied diversiteit. Aan die ander kant sal hulle kan argumenteer dat kerkeenheid baie belangrik is, omdat kerkeenheid in die konteks belangrik is, maar hierdie individue sal nie noodwendig baie omgee oor die detail van so ’n eenwording nie. Individue met ’n voorkeur vir L1 denkprosesse sal die feite op die tafel wil sit en sal ten gunste van eenheid wees as dit ’n logiese bevinding is na deeglike ondersoek. Hulle sal klem lê op die invloed wat die kerk sal geniet indien eenheid bewerkstellig word.

Die Neethling Brein Instrument bied ’n beskrywing van spiritualiteit wat erkenning gee aan die vloeibaarheid en verskeidenheid in spiritualiteit in verband met verskillende interpretasies van *self, ander, gelowig, spiritueel* en *God.* Verder, bied die NBI beskrywing van spiritualiteit ook ’n antwoord op die dalende lidmaatgetalle van gereformeerde kerke en waarom dit nodig is om opnuut te dink oor wat as gepaste spiritualiteitsbeoefening beskou word. Die verskeidenheid *in* spiritualiteit vra nie net na ’n inklusiewe benadering tot kerkwees nie, maar na ’n herinterpretasie van wat beskou word as kerk.

## BIBLIOGRAFIE

Albright, C. R. 2007. *Neurotheology.* In Eisen en Laderman (eds.) 2007.

Bauckham, R. 2008. *Jürgen Moltmann.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Beckford, A. en J. Walliss. (eds.). 2006. *Theorising religion: Classical and contemporary debates.* Hampshire: Ashgate Publishing Limited.

Bergemann, E., D. J. Siegel, D. Eichenstein en E. Streit. 2011. *Neuroscience and spirituality.* In Van Huyssteen en Wiebe (eds.). 2011.

Botha, N. en K. Neethling. 1999. *Creative rugby: don’t just sweat it, think it.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Books

Campbell, R. A. 2006. *Theodicy, distribution of risk, and reflexive modernisation: explaining the cultural significance of new religious movements.* In Beckford en Walliss (eds.) 2006.

Clark, B. 1983. *Growing up gifted: developing the potential of children at home and at school.* Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.

Dawkins, R. 2008. *The God delusion.* Boston: Houghton Mifflin Company

 2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

De Botton, A. 2012. *Religion for atheists: a non-believer's guide to the uses of religion.* New York: Pantheon Books.

Drune, J. 2006. *From creeds to burgers: religious control, spiritual search and the future of the world.* In Beckford en Walliss (eds.) 2006.

D'Aquili, E. en A. B. Newberg. 1999. *The mystical mind: probing the biology of religious Experience.* Minneapolis: Fortress Press

Eisen, A. en G. Laderman. (eds.). 2007. *Science, religion, and society (Volume 2).* Londen: M. E. Sharpe

Ferré, F. 1993. *Hellfire and lighting rods: liberating science, technology, and religion.* Maryknoll: Orbis Books

Floyd, W. W. 2008. *Dietrich Bonhoeffer.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Ford, D.F. en R. Muers. (eds.). 2008. *Modern theologians: an introduction to Christian theology since 1918.* Oxford: Blackwell Publishing

Frei, H. W. 1992. *Types of Christian theology.* New Haven: Yale University Press.

Hardy, D. W. 2008. *Karl Barth.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Hauerwas, S. 2008. *H. Richard Niebuhr.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Holder, A. (red.). 2005.*The Blackwell companion to Christian spirituality.* Oxford: Blackwell Publishing.

Kaufman, G. D. 1972. *God: The problem.* Cambridge: Harvard University Press.

Kelsey, D. H. 2008. *Paul Tillich.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Kennedy, P. 2010. *Twentieth-century theologians: A new introduction to modern Christian thought.* London: I.B. Tauris.

Koenig, H. G., M. E. McCullough en D. B. Larson. 2001. (eds.). *Handbook of religion and health.* Oxford: Oxford University Press.

Korf, L. 2009. NBI: Summary of research findings 1984-2009.

Louw, D. 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Kaapstad: Lux Verbi

--- 2005. *Ratwerke van die menslike siel: oor volwassenheid en lewensvaardigheid.* Stellenbosch: SUN PRESS.

--- 2012. *Network of the human soul: on identity, maturity and life skills.* Stellenbosch: SUN MeDIA Stellenbosch.

Mayo, K. R. 2011. *Creativity, spirituality, and mental health: exploring connections.* Burlington: Ashgate Publishing Company

McGrath, A. E. 2001. *Christian theology: an introduction.* Oxford: Blackwell Publishing.

Neethling, K. 1984. *Die begaafde kind.* Kaapstad: Human en Rousseau.

--- 1992. *Kreatiwiteit laat jou wondere verrig.* Pretoria: Makro-Boeke

--- 2000. *Understanding your whole brain.* Halfway House: Solutionsfinding.

Neethling, K. en R. Rutherford. 2005. *Creativity uncovered (everything you ever wanted to know about enhancing your creativity).* Halfway House: Solutionsfinding.

Neethling, K., R. Rutherford en R. Schoeman. 2005. *Very smart parents.* Halfway House: Solutionsfinding.

Newberg, A. B. 2007. *Neurobiology and consciousness.* In Eisen en Laderman (eds.) 2007.

--- 2010. *Principles of neurotheology.* Burlington: Ashgate Publishing Company.

Niemandt, N. 2013. Getalle, gemeentes en gebed. *Kerkbode,* 19 April; bl. 9.

Parker, C. 2006. *'Magico-popular religion' in contemporary society: towards a post-western sociology of religion.* In Beckford en Walliss (eds.) 2006.

Schneiders, S. M. 2005. *What is Christian spirituality?* In Holder (eds.) 2005.

Schwöbel, C. 2008. *Wolfhart Pannenberg.* In Ford en Muers (eds.) 2008.

Smit, D. J. 1988. Wat is gereformeerde spiritualiteit?. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 29(2): 182–93.


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST

--- 1989. Kan spiritualiteit beskryf word?. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 30(1): 83–94.

Stenmark, M. 2003. *Worldview.* In Van Huyssteen (eds.) 2003.

Taylor, C. 2002. *Varieties of religion today: William James revisited.* Cambridge: Harvard University Press.

Taylor, M. K. 1991. *Paul Tillich: theologian of the boundaries.* Minneapolis: Fortress Press.

Waaijman, K. 2002. *Spirituality: Forms, foundations, methods.* Leuven: Peeters.

Ward, K. 2009. *God and the philosophers.* Minneapolis: Fortress Press.

Wolfteich, C. E. 2003. *Spirituality.* In Van Huyssteen (eds.) 2003.

Van Huyssteen, J. W. Howell, N (eds.). 2003. *Encyclopedia of science and religion.* New York: MacMillian Reference USA.

Van Huyssteen, J. W. en E. P. Wiebe. (eds.). 2011. *In search of the self: interdisciplinary perspectives on personhood.* Grand Rapids: Eerdmans

## TREFWOORDE

spiritualiteit
godsdiens
neurowetenskappe
Neethling Brein Instrument
neuroteology.

## KEYWORDS

spirituality
religion
neurosciences
Neethling Brain Instrument
neurotheology.

## KONTAKBESONDERHEDE

Gys M Louw
Na-doktorale navorsingsgenoot
Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie
Sentrum vir Kompleksiteitstudies
Universiteit Stellenbosch
gysloubser@gmail.com


2014 © DEWAAL NEETHLING TRUST